



## FRANKRYK : Corné en Sophie du Plooy met Claire, Thomas en Sébastien

*Uittreksel van die Mei 2010 nuusbrief wat ontvang is :*

Ons Algemene Sinode in Maart het verloop soos sinodes maar verloop. Ons is veral besig om aan 'n nasionale sendingbeleid te werk. Op die oomblik doen elke gemeente maar wat hy goeddunk. Daar is net so baie om te doen en die mense is net so min. Ons dii word baie oorlaai met admin en kry nie genoeg tyd met dinge wat werklik met die bediening te doen het nie (ons het nie sekretaresse, kosters, en tuinjonge nie).

Paasnaweek het ek nogal as iets besonders ervaar. Vir die eerste keer het ons 'n (aand-)diens op Goeie Vrydag gehad. Ek het al die banke uit kerk uitgehaal en tafels in die vorm van 'n kruis gepak, sodat die mense rondom die tafels kon sit. Die versierings was rooi en swart met baie kerse (geen blomme). Elkeen het 'n gedeelte vd passieverhaal gelees - ons was so 15 - met liedere tussen-in. Ek het ook 'n lied of 2 op Youtube gekry en ons het na 'n uittreksel van 'n DVD v Bell gekyk (in Engels met Franse onderskrifte).



Sondag het ons die kruisvorm vd tafels behou, maar versier met geel/goud en baie blomme. Ons het ook meer stoele en banke rondom die tafels gepak. Vir die langnaweek was daar meer mense as wat ek verwag het (+-70) - dis die 2keer wat ek my misgis met d aantal mense ... (kleingelowig!) ... Na die tyd het ons lekker saamgeëet.

Die 2de naweek van April het ons die "presentation" van 'n baba gehad en die doop van 'n jong student van Haïti - great ervaring en 'n bemoedigende getuienis.

Ons het toe op "vakansie" gegaan - ek het die kerk se landlyn na my selfoon laat oorplaas ... - ons het 'n paar dae by my skoonouers gaan afpak (le Thor, Vaucluse - 30km ood v Avignon)

Daarna was die RSA sendelinge byeenkoms by St Albain, noord van Mâcon. Al was ons net so 15, was dit lekker om die gesigte weer te sien. Oom Piet Grobler het ons 'n bietjie meer oor Paulus kom onderrig - dis lekker om vir 'n slag aan die ontvangkant te wees. Ons het toe ook die Château van Joudes ([www.chateau-de-joudes.com](http://www.chateau-de-joudes.com)) besoek. Gérard en Martin Hoareau, die président van Mission Vie et Famille (waarv ek lid is) [www.missionvieetfamille.com](http://www.missionvieetfamille.com) , het in Sept dié château

gekoop - soos hulle sê "un projet de folie". Gérard, wat een van die direkteure van Hewlard Pacard was, het sy werk bedank om voltyds die château te bestuur - seminare, kampe, ens v Mission Vie et Famille, maar ook retreates van besighede (HP, Microsoft, Carrefour, ens). Ons sal waarskynlik die vlge d RSA byeenkoms daar reël.

Die laaste Sondag van April het ons na die oggenddiens as gemeente saam geëet en ek het 'n bietjie gesels oor hoe ons celebrity kultuur ons christelike waardes kan beïnvloed en waaraan ons sukses in jou lewe meet. Die afgelope jaar probeer ons so-iets elke laaste Sondag van die maand te doen. Einde Mei sal ek 'n bietjie praat oor Geestelike dissiplines.

Woensdagaand (5 Mei) het ons die interkonfessionele (protestant, katoliek, ortodoks) komitee-vergadering. Een van die sake is die daarstelling v "Geestelike sentrum" by die lughawe van Toulouse (op die oomblik sal dit net Christelik wees). Die hele dag Donderdag (6 Mei) het ons 'n vergadering tussen die verskillende protestantse en evangeliese kerke van Toulouse - oa om ons gesamentlike erediens in Oktober te beplan. Daarna het die Kerke wat aan die Franse Protestantse Federasie behoort ook 'n vergadering oor die moontlikheid van 'n plaaslike tak van die federasie te stig.

Volgende Sondag (8 Mei) hou ons jeug 'n koekverkoping tydens 'n straatmark om geld in te samel vir hulle reis na Rome (Projek Cesar) volgende jaar. Donderdag 13 Mei het ons ons kerk se streekssaamtrek wat ek moet reël. Die tema van die dag is Sending.

Die 16-22 Mei neem ons deel aan 'n 24/24, 7/7 lees vd hele Bybel. Die openingseremonie is Sondag 16 Mei om 17h. By hierdie geleentheid moet ek die 3de skeppingsdag in Grieks lees.

Ons het so rukkie gelede uitgevind dat Sébastien, ons jongste, allergies is vir beesmelk. Hy's nou op bokmelk (dis nogal duur - 90€/maand en hy drink net 2 bottels per dag). Na 6 maande moet ons weer die toets doen, want daar is 'n moontlikheid dat dit kan verbygaan.

Claire en Thomas is gelukkig in die skool en speel en baklei lekker saam... Sophie het 'n reeks dokters- en tandartsbesoeke: as gevolg van die swangerskappe en borsvoeding, het sy nie so baie aandag aan haarself gegee nie en ook omdat die moontlike mediese behandelings nadelig vir die borsvoeding kan wees, het sy 'n abses in haar een tand ontwikkel wat nou in haar sinusse ingetrek het.

Bid asb vir al die dinge.



### *Uittreksel van e-pos gestuur 27 Mei 2010*

Met Hemelvaart (vakansiedag) het ons 'n streeksbyeenkoms v ons gemeentes gehad: erediens d oggend, middagete saam, en 'n aanbieding rondom sending. Daar was ongeveer 100 mense. Goeie terugvoer gekry. Ek was verantwoordelik vir die reëlings.

Verlede Sondagmiddag het ek deelgeneem aan d openingseremonie v 'n Deurlopende Bybelleesprojek, 24H/24, 7d/7d. Gedurende die week het ons d hele Bybel deurgelees. Was selfs op d TV!

Verlede Saterdagmiddag het ek 'n troue gehad - in d mense se tuin - 'n 1ste vir my. Ek het drie baie nice gesprekke met mense na d troue gehad. 'n Mens besef werklik dat ons in 'n post-Christelike konteks leef. Mense weet omtrent niks van godsdiens af nie.

Dinsdag is my fiets in d stad gesteel - dit gebeur nie net in RSA nie !  
My 2de fiets wat d afgelope drie jaar gesteel word.



Die 29 Mei het ons 'n NB Teologiese Fakulteitsvergadering in Aix-en-Provence.

Sondag 30 Mei het ons 'n studie oor Geestelike dissiplines.

31 Mei gaan Sophie vir 'n "tand-operasie". Sy het d afgelope paar jaar (sedert d geboorte v d kinders) 'n ernstige tandinfeksie ontwikkel wat nou 'n operasie (met volle narkose) benodig. Dit het ook haar sinusse aangetas.

Ons staan aan d einde vd skooljaar en baie aksies sluit af. Bid asseblief daarvoor.

Gedurende Junie is daar verskeie jaareindfunksies, waarvan ons gemeente s'n 27 Junie is: "Disse v regoor d wêreld". Al die nasionaliteite wat in ons gemeente is, gaan disse v hulle lande saambring (ek het 'n "Kook en Geniet!"). Die Koreaanse Kerk (wat ons kerksaal deel) neem saam met ons deel.



Ek het intussentyd ook 'n beroep na 'n gemeente in Marseille gekry (vir Sept 2011). D 6de een! Sal nog moet bid!

## ALTA GLAS skryf uit KAMBODJA

*Uittreksel van e-pos gestuur 17 Mei 2010*

Bid asb saam met ons...

### A. Opleiding

1. Saran nuwe mod 1 groep in Kampong Chnnang – Daar is 'n pastoor ( past. Boret)wat gevra het om te help, hy het ook die intensiewe week opleiding van Mod 1 bygewoon, hy sal saam met Saran werk en ons sal sien wat die toekoms oplewer.
2. Sok en Tharoath is na Kampong Trolaat - mod 2. Dit is regtig moeilik om die area te bereik en verskeie vorms van vervoer is nodig (taxi → motorfiets→ boot→ motorfiets)

Woensdag middag almal travel na Bantheay Meanchey Donderdag en Vrydag opleiding

1. Dit is die eerste keer na die konflik met Pastor Vot in Bantheay Meanchey dat Sok weer daar opleiding sal gaan doen – bid asb vir hom – Mod 2. Tharoath sal van nou af elke keer saam met hom gaan vir ondersteuning.
2. Saran – Mod 1

B. Een van grootste challenges wat die personeel sê hulle ervaar is die hitte. Ons sukkel, dit voel erger as verlede jaar. Ek het vir hulle almal gegeurde oral rehydration sakkies saam gegee sodat hulle dit so 2 keer 'n dag kan drink – ek drink dit huidig ook en dit help (vat die moegheid en die krampe weg), dit voel asof baie water alleen nie huidig genoeg is nie.



C. Ek persoonlik het verlede week baie-baie ure ingesit vir VCCam, het deur die publieke vakansie dae gewerk etc. Dus.. vat Dinsdag – Vrydag vir studies.

## Allan en Ansie van der Merwe skryf uit GURUE - MOSAMBIEK

*Nuusbrief einde Februarie 2010*


Baie dankie vir julle gebede en ondersteuning, dankie ook dat julle belangstel in ons bediening en die werk in Gurue.

Ansie se dokters ondersoek en sonars het ook niks op gelewer nie, waarvoor ons baie dankbaar is. Alle simptome dui op haar galblaas, maar die is skoon en ook haar niere is skoon, nou vertrou ons net op die Here vir beterskap en vinnige herstel. My mediese ondersoek is ook afgehandel en het soos elke ander keer dieselfde uitslag gehad, my rug het nie verbeter nie, maar daar is ook nie 'n krisis vir 'n operasie op die stadium nie.

Ansie is genooi om die wereld biddag vir vroue in 'n gemeente in Natal te lei, waar ons dan ook die geleentheid sal hê om weer by ons kinders te kuier vir 'n dag of twee.

Ons het die voorreg gehad om by ons kleinkind se geboorte te kon wees in Desember en dan ook die voorreg gehad om die kleinding se doop te kon bywoon vroeër in Februarie.

Bid saam met ons vir die volgende:



Ons bediening vir die jaar wat voorle  
Ansie se gezondheid  
Dat die Here se wil in alles sal geskied.

*Nuusbrief van 29 Maart 2010*

### **Roof**

Ons prys die Here dat Hy alles so goed onderhou het. Die water pomp met sy pyp en aansitter boks is gesteel, maar niks anders nie. Die batterye wat gesteel was, is alles terug gekry. Daar was wel 'n insident van mense wat wou kom roof, maar danksy die wagte en radio projek manne het die polisie hulle gevang. 'n Groep mans het gekom met die storie dat hulle "mense" wil verkoop. Later het nog 'n klomp met 'n voertuig opgedaag. Die Radio projek programmeerders het vermoed iets is fout, en die burgermeester gebel!

Die burgemeester bel die polisie, en 2 bakkies vol polisiemanne daag op en arresteer die “verkopers”. Uiteindelik sou hul hoor dat die groep tot in Pebane (360 km vanaf Gurue) gesoek word vir roof. Die burgermeester van Gurue is baie beindruk en ingenome met ons span manne op die erf.

### **Omwiwa Yesu**

Een programmeerder, Adolfo, is weg na Hefsiba vir ‘n drie jaar opleiding as pastoor. Hy was die IRM (kerk waaronder ons werk) se verteenwoordiger by Omwiwa Yesu. Op 3 April moet ‘n nuwe programmeerder uit IRM aangewys word, en sal daar gesels word om meer jeug en kinder programme te maak.

### **Woordskool**

Die Woordskool begin die eerste week in April. Allen moet beddens aankoop, want die palm-hout beddens het begin skeeftrek na 2 jaar! Dit het darem 2 jaar gehou!!



### **Kos voorraad en afstande**

‘n Weduwee kom vra ons moet haar jaar se mielie voorraad net bietjie nader bring aan haar huis. Die 4 km is toe nader aan 14 km! Maar wel, hoe kan fietsryers dit skat? Om te sien wat ‘n jaar se kosvoorraad is, laat mens net dankbaar staan as ons na ons eie voorrade kyk.

### **Aankope in Nampula**

Ons is tans in Nampula, 400km oos van Gurue, op soek na ‘n nuwe waterpomp. Gurue beskik nie oor sulke voorrade nie. Dis ook maar n stap in geloof om so ver te ry, weet nie of hier is nie!! Ons slaap oor by ‘n swart gesin: Connie en Moshes Arao, ook sendelinge uit Suid Afrika. Hulle het ‘n skooltjie en ‘n huis vir straatkinders. Pragtige mense.

### *E-pos ontvang 6 April 2010*

Wanneer dit by mediese gesondheid kom dan is daar min tot geen hulp in Mosambiek nie.

Ansie het ‘n mediese probleem ontwikkel wat sy eers self probeer behandel het. Die behandeling het nie geslaag nie. Kontak is telefonies gemaak met dokters in Malawi. Hulle aanbeveling is om dadelik na RSA te reis vir ondersoek deur deur RSA dokters en toerusting.

## Nuusbrief van 3 Mei 2010


Ons moes drie weke gelede dringend terugkom as gevolg van mediese redes vir Ansie, maar ons is dankbaar dat die uitslae van die toetse geen probleem gewys het nie en dit slegs 'n erge ontsteking was. Intussen het Ansie malaria gekry, maar die sterk antibiotika wat Ansie moes drink vir die ontsteking, het die simptome van malaria onderdruk. Tans wag ons vir die malaria om die wyk te neem.

Bid asb vir ons gesondheid, ook vir Allen wat 'n grieperigheid opgetel het (Intussen het die van der Merwes vertrek en is reeds diep in Mosambiek. Bid asb dat alles steeds goed sal gaan op pad)

Terwyl ons in Suid Afrika was, kon ons die gesteelde waterpomp vervang en ook sommer bande op die bakkie sit. Allen het ook vir ons huis "diefwering" aangeskaf. Ons se dankie aan die Here vir die fondse wat ons tot ons beskikking gehad het daarvoor.

Allen kon ook die Mighty men konferensie vir die eerste keer bywoon, wat vir hom 'n wonderlike ervaring was.

### In Gurue:

Ons kamp vrieskaste is vol vleis en groente wat op battery krag loop. Die werkers berig dat die son vyf dae laas geskyn het en die yskaste dus nie werk op hierdie stadium nie. **Bid asb vir bietjie sonskyn dat ons voorrade nie sleg word nie.** Andersins gaan dit goed by die huis. Die radio projek is nog vol aan die gang. Daar was 'n byeenkoms saam met al die pastore om die betrokkenheid van die jeug te bespreek, vir die maak van nuwe jeug programme. Daaroor meer in die volgende nuusbrief. 

Chabwe skool het nog 'n klassie graad drie leerlinge bygekry, en dit gaan ook baie goed daar.

Die perseel waarop ons bly, behoort aan die kerkraad van Calani. Hulle het besluit dat die kerk nie op die perseel gebou moet word nie. Hulle is bekommerd dat persone met verkeerde motiewe kerk toe sal kom, om te kom kyk wat op die perseel aangaan en dit stel ons almal bloot. Bid saam met ons dat die Here daar 'n oplossing sal gee en dat die kerk spoedig gebou sal word waar dit Sy Wil is.

Groete, Allen en Ansie  
email: [mosambieksgiving@gmail.com](mailto:mosambieksgiving@gmail.com)  
contact no: +258 822684260 Moz.  
+27 719346893 SA.



*Nuusbrief14 ontvang vanaf Gurue Radio Ministry van 18 April 2010*



Allen en Ansie v/d Merwe (sendelinge in Mosambiek, maar ook die Radiobediening se produksieatletjee bestuurder) is in Maart vanjaar terug na Gurue na 'n welverdiende vakansie en terugvoering aan ondersteunende gemeentes in SA. Soos gebruiklik, was die voertuig en sleepwa weer volgelaaai met 'n verskeidenheid van goedere wat gewissel het van huishoudelike items tot sonkragtoerusting – insluitende 4 rekenaars. Ons moes noodwendig sonkragbatterye en verwante toerusting aankoop in SA aangesien dit óf nie beskikbaar is in Mosambiek nie óf geweldig duur daar is. Die bestaande toerusting funksioneer egter nog goed en is die addisionele toerusting bedoel vir bystand soos wat dit nodig mag wees.

In die Van der Merwes se afwesigheid in Gurue, het die Radiobediening normaal voortgegaan met hul aktiwiteite om programmateriale te vergader en te sny op CD's vir uitsending oor die plaaslike gemeenskapsradio se sender. Geen probleme is hierdie jaar ondervind met onreelmatigheede soos wat plaasgevind het verlede jaar nie en ons dank ons Vader daarvoor.

Ons wil vanjaar 'n paar nuwe dinge probeer waarvan, onder andere, 'n uitreik na die jeug sal wees. So beoog ons 'n spesiale program elk vir kinders tot 10 jaar en jongmense in hul tienerjare wat bykomend tot die bestaande programme sal wees. Gemeentes gaan hierin 'n leidende rol speel deur die beskikbaarstelling van hul pastore en jeug. Finale besluite oor die hoe, waar en wanneer sal geneem word op die beplande vergadering reeds gemeld.

Bid asseblief vir:



- Ansie, vir 'n gunstige prognose en spoedige herstel;
- Die verkiesing van 'n nuwe kandidaat om Alfonso te vervang; en
- Wysheid in die opstel van programme vir kinders en tieners.

Soos in vorige jare, vertrou ons dat al die huidige ondersteuners ook hierdie jaar sal voortgaan om die Bediening te ondersteun hetsy deur gebed, finansiële bydraes en/of bemoediging. Ook dat die Vader nog ondersteuners sal byvoeg soos wat Hy dit nodig mag ag. Die nuusbriewe het dan ook ten doel om elkeen ingelig te hou oor die aktiwiteite en verwickelinge rondom die Bediening. Neem die vrymoedigheid om kommentaar te lewer en/of vrae te stel indien enigiets onduidelik blyk te wees. Jou belangstelling is vir ons 'n groot bron van aanmoediging en help ons om te besef dat ons nie alleen staan nie.

Besoek gerus die webblad [www.gurueradio.org.za](http://www.gurueradio.org.za) vir meer inligting en fotos.

### **TER AGTERGROND die volgende inligting aangaande Sending Sonder Grense:**

**Agtergrond Geskiedenis:** 2010 is die 50ste bestaansjaar van Sending Sonder Grense wat in 1960 as 'Underground Evangelism' begin het. Sending Sonder Grense bedien in Albanië, Bosnië, Bulgarye, Moldawië, Oekraïne en Roemenië (vroeër kommunistiese lande). Ons verskaf Christelike literatuur en onderrig, en voorsien terselfdertyd in die materiele behoeftes van die armes en behoeftiges. SSG versprei ook deur ons Chinese vennote Bybels aan Christene in China. Ons is op die oomblik deur ons KRI-borgprogram betrokke by die lewens van meer as 27 000 kinders in kinderhuise en by meer as 1 000 gesinne deur ons Gesin-tot-Gesin-borgprogram.



Die **bediening van Sending Sonder Grense** is primêr om **geestelike, opvoedkundige, emosionele en materiële** (G.O.E.M.) bystand te verleen en wel deur die volgende **programme en projekte**, nl.:

1. ***Kinderredding Internasionaal(KRI) en Kinder Herstelhuise:*** Bystand aan hierdie kinders deur middel van borgskap @ R160pm. Borge ontvang jaarliks nuwe inligting en fotos van “hul” kind en kan briefies aan hulle stuur.
2. ***Gesin-tot-Gesinprogram:*** Bystand aan behoeftige gesinne deur middel van borgskap @ R150pm.
3. ***Gemeenskapsentrums:*** SSG versterk d.m.v. vennootskappe plaaslike gemeentes in hulle uitreiking na hulpbehoewendes in hulle gemeenskap. Nie alleen materiële en emosionele sorg nie, maar ook d.m.v. die Evangelie.
4. ***Kinder- en Moedersorgprojek:*** SSG staan jong, verwagte moeders by tydens die swangerskap tot na die geboorte. Gestremde en mishandelde kinders, straatkinders en kinders in tronke word ook bygestaan.
5. ***Gesinsorgprojek:*** Met hierdie projek help ons op 'n voortdurende basis gesinne wat in 'n krisis is. Hulle word ook gehelp deur projekte (Operasie Kersliefde en Operasie Winterredding) en ons mediese klinieke.
6. ***Christelike Uitreiking:*** Elke program en projek is 'n uitreiking in reaksie op die bevel in Matt. 28:19:

- Verskaffing en verspreiding van Bybels en Christelike literatuur;
- Bybelkorrespondensiekursusse;
- Christelike Insetklasse (Sondagskool) in die kinderskole waar ons werksaam is.



**Sending Sonder Grense se werkswyse** is om die inheemse mense van die lande te gebruik deur hulle te bemagtig sodat hulle hul eie mense met die Evangelie kan bereik. Deur dit te doen erken ons die waardigheid van die individu en help om kapasiteit tot selfversorging te ontwikkel. Ons gebruik die infrastruktuur wat oor baie jare heen gevestig is om ons bediening in hierdie lande te vergemaklik soos byvoorbeeld 'n sendingsentrum in elke land, mediese klinieke in Albanië, en sokkeltjies in samewerking met plaaslike gemeentes in Bosnië, Oekraïne en Bulgarye.

**Ons internasionale en geaffilieerde operasies word op 'n jaarlikse basis deur onafhanklike ouditeure geaudit.** Die Suid-Afrikaanse ouditeurs is Anderson, Rochussen, Van der Bijl Ingelyfde Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA). Ons administratiewe onkoste beloop slegs 'n klein persentasie van ons totale inkomste (slegs ongeveer 5%).



***Wil u (of u Omgeegroep) meer weet of dit oorweeg om 'n kind teen R160 pm (dit voorsien in al sy/haar maandelikse behoeftes) of 'n gesin teen R150 pm (dit voorsien in 'n kwart van hul maandelikse behoeftes) te borg?***

*Kontak dan gerus vir ds Tait (082 6014 235)*



## Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy  
Sending Sonder Grense  
Ds Hannes Peens (Limpopo)

Ds Leon Tait  
012-333 2470

Koerde  
Dana

Cobus de Waal  
082 749 7846

Mosambiek radiostasie  
Allen en Ansie vd Merwe

Japie en Ena le Grange  
012-331 3953


Gebedsketting  
Laudium

Alet Briers  
012-331 1311

Alta Glas

Koenie Goosen  
084 652 8773  
012 333 5325

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou.



Sendinggroete in Christus  
**Taakspan vir Sending**  
NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615  
Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)